

LESING

50 Jarige Herdenking van Die Stellenboschse Museum
Met verwysing na die – Bruynzeel/Breuer Huis.
Dalsig.


Agtergrond

Tydperke en style in argitektuur is ‘n weerspieëling van die sosiale stand van ‘n tydperk en is dit juis waaruit interesante, nuwe en goeie ontwerpe groei.

Ek wil graag die Bruynzeel huis gebruik as ‘n voorbeeld hiervan. Maar eers net kortliks die agtergrond tov die Bauhaus beweging, aangesien na hierdie huis verwys word as ‘n Bauhaus-huis reg of verkeerdelik. Die term Bauhaus as ‘n argitekstyl is baie komplekser as soos bv. die Klassieke, Renaissance ens. style. Die oorhoofse begrip wat ons hier moet na kyk is, na Die Moderne Styl wat die grootste invloed daarop gehad het en wat geleei het tot die Internasionale Styl.



Die “Staatliches Bauhaus”, wat eenvoudig net as Bauhaus bekend gestaan het, was ‘n skool in Duitsland wat handewerk en skonekuns gekombineer het, vanaf 1919 tot 1933. Dit het veral bekend geword vir die aanslag tov ontwerp wat daar geleer en aangebied was. Die betekenis daarvan, is “Skool om te Bou”. Dit was gestig deur Walter Gropius in Weimar, en nienteenstaande die naam en dat die stigter ‘n argitek was, was daar nie ‘n argiteksafdeling in die begin stadium nie. Die basiese idee was om ‘n totale kunswerk te maak, waarin alle kunste, insluitende argitektuur bymekaar gebring moes word. As gevolg hiervan was die Bauhaus-styl, een van die belangrikste invloede in die nuwe argitektuur en moderne ontwerp en het ‘n diepgaande invloed ook gehad tov, kuns, grafiese ontwerp, binneontwerp, industriële ontwerp en ook tipografie. Dit is belangrik om te weet dat die grootste invloed op Bauhaus, die modernisme was, wat alreeds sedert die 1880s bestaan het en in Duitsland, voor die Eerste Wêreldoorlog nienteenstaande die heersende konserwatisme. Dit Duitse modernistiese argiteksbeweging was bekend as Neues Bauen, met Peter Behrens se ontwerp vir die elektriese maatskappy AEG wat hierdie ontwerpbeginsels geïnkorporeer het.



B.Arch (UP), PrArch 2002, RIBA 20000604
Wilhelm Krüger

argitektuur interieur

tel (021) 887 1980 cell 073 77 33 460 email wilmaukruger@gmail.com PO Box 3065 Matieland 7602 South Africa



B.Arch (UP), PrArch 2002, RIBA 20000604

Wilhelm Krüger

argitektuur interieur

tel (021) 887 1980 cell 073 77 33 460 email wilmakruger@gmail.com PO Box 3065 Matieland 7602 South Africa



Met die Bauhaus-beweging het die Duitse "zeitgeist" verander van emosionele uitdrukking tot algemene nuwe objektiwiteit. 'n Groep werkende argitekte het weggebreek van denkbeeldige eksperimentering na rassionale, funksionele werk. Die aanvaarding van die modernistiese ontwerp in die daaglikse lewe, was die onderwerp van verskeie, goed bygewoonde publieke uitstallings, films en selfs in sommige gevalle, warm publieke debatte. Geboue in die Bauhaus styl was gewoonlik kubisties, reghoekig met eenvoudige fasades en oop vloerbeplanning, alhoewel daar ook soms geronde hoeke en balkonne gebruik is en die volgende is 'n paar karakteristieke daarvan, alhoewel puriste sê dat die Bauhaus-styl slegs na geboue in Duitsland verwys moet word en die ander na die Internasionale Styl verwys moet word.

1. Voorstaander van funksionaliteit teenoor ornamentasie
2. Die gebruik van assimetrie en reëlmatriegheid teenoor simmetrie.
3. Om argitektuur uit te druk in terme van ruimte teenoor massa

Dit is juis agt hierdie konsepte dat ek die Bruynzeel-huis wil gebruik tov die probleem van invul argitektuur in Stellenbosch.

Die Bauhaus-beweging het ten einde geloop in 1933 onder druk van die Nazi bewind toe Mies van der Rohe, nog die hoof daarvan was en dit in Berlyn gesetel was.





B.Arch (UP), PrArch 2002, RIBA 20000604

Wilhelm Krüger

argitektuur interieur

tel (021) 887 1980 cell 073 77 33 460 email wilmakruger@gmail.com PO Box 3065 Matieland 7602 South Africa


Die Bruynzeel Huis



Wanneer mens na hierdie huis kyk is dit myns insiens verkeerd om dit alleenlik binne, Die Bauhaus styl te beskryf en moet mens kyk na die al die invloede. Bruynzeel die eienaar was van Nederland en Aart Bijl ook en hulle argitektoniese verwysing sou sekerlik beïnvloed gewees het deur De Stijl. Die "De Stijl" mense, soos Van Doesburg, het nooit 'n formele argiteksgroep gevorm nie, maar hulle werk het tussen die twee wêreld oorloë, die Moderne Europese tydperk weerspieël



Die huis is ontwerp deur Aart Bijl van die firma Bijl Green & Todeshini. Aart vertel, dat hy na sy terugkeer uit Nederland, hulle een aand in 1960, 'n vergadering met Mnr C Bruynzeel gehad het. Interesant genoeg het hy nie vir hulle 'n skriftelik opdrag gegee nie en het hulle begin gesels oor 'n nuwe huis wat hy op die dubbel erf, wat hy reeds gekoop het, wou bou. Hulle was 'n klein firma en het al werk vir hom gedoen, maar op 'n klein skaal, alles gekoppel aan houtkonstruksie. Bruynzeel was groot in die houthandel, en daar is nogsteeds vandag produkte met dié naam in die mark beskikbaar. Daarom was die belangrikste oorweging dat sy nuwe huis, hierdie konneksie met hout moes weerspieël.



B.Arch (UP), PrArch 2002, RIBA 20000604

Wilhelm Krüger

argitektuur interieur

tel (021) 887 1980 cell 073 77 33 460 email wilmaukruger@gmail.com PO Box 3065 Matieland 7602 South Africa



Hulle het die terrein besoek om die ontwerpskonsep te bevestig. Terwyl Aart in Nederland was, het die firma reeds werk gedoen tov paraboliese dakstrukture, waarvan in Kaapstad opgerig is nl. die Kaapstadse Hawe ingang en 'n paar petrolstasies. Hulle het toe besluit dat dit is hoe hulle hierdie nuwe huis wil ontwerp. Aart het toe verkillende moontlikhede ondersoek van so 'n dak strukstuur se grootte, wat vir 'n woonhuis kon werk. Hy het ook na die moontlikhede gekyk om hierdie struktuur se geometrie te manupeileer, sodat dit 'n kalm interieur tot gevolg sou hê. Wat baie interessant was tov hiperboliese parabool is dat daar altyd twee reguit horisontale lyne is reghoekige tot mekaar. Mens kan dit beheer deurmiddel van die gradient van die helling van die dak. Elke binne ruimte het dan 'n plafon, met 'n simmetriese gevormde gedeelte van die dak. Mens kan dan eintlik sê dat hierdie huis van die dak af onder toe ontwerp is, wat werklik baie ongewoon is.

Die konstruksie is redelik eenvoudig en is nie moeilik om te bou nie. Dit bestaan uit reguit endbalke en balke. Die bedekking en plafon bestaan uit reguit borde wat se kurwe gevorm word deur die konneksies van die verskillende balke. Die Bruynzeel se dak was bedek met koper plate en die plafon uit geelhout. Die belangrikste en kritiekste deel van so 'n dakstruktuur is die kontak met die grond.

Soos Aart dit mooi stel, het hy hier 'n bietjie probleme ondervind met die jong Afrikaner ingenieurs. 'n Hiperboliese paraboliese struktuur, het twee hoeke wat na die lug wys en twee wat na die grond wys. Die twee punte wat na die grond wys moet die totale gewig van die dak na die grond herlei, en dit is hier waar Aart agtergekom het dat die ingenierse kalkulasies nie korrek was nie. Hy het dit opgelos en die konstruksie het begin. Nadat die dakkonstruksie voltooi is en die dak opgesit is, het hy en Flip Green, sy vennoot gestaan en kyk terwyl die steierwerk verwyder word. Om hulle vertoue in hulle ontwerp te bevestig, het hulle onder die struktuur gestaan, terwyl dit verwyder is, en die dak het bly staan!



Wilhelm Krüger
B.Arch (UP), PrArch 2002, RIBA 20000604

argitektuur interieur

tel (021) 887 1980 cell 073 77 33 460 email wilmaukruger@gmail.com PO Box 3065 Matieland 7602 South Africa



Aart-hulle se firma het ook in 1961 'n slagoffer geword van die nagevolge van Sharpeville. Hulle moes hulle praktyd toemaak agv klient wat nie betaal het nie – baie van ons argitekte sit huidiglik weer met so 'n probleem – en die firma Munnik Fisser & Black het die projek oorgeneem en onder hulle toesig laat voltooi.



B.Arch (UP), PrArch 2002, RIBA 20000604

Wilhelm Krüger

argitektuur interieur

tel (021) 887 1980 cell 073 77 33 460 email wilmaukruger@gmail.com PO Box 3065 Matieland 7602 South Africa

Hierdie is kortliks die geskiedenis van hierdie baie mooi en interesante huis. Wat ek graag hermee wil bevestig, is dat goeie eerlike ontwerp die toets van die tyd kan deurstaan. Die interessantheid daarvan is ook, dat in baie sulke gevalle, daar woeste kritiek was tov die ontwerp. Uit die aard van die saak is koste ook 'n belangrike faktor en help geld mens om sulke ontwerpe te laat realiseer, maar dit is nogsteeds nie nodig om te verval in swak ontwerp met die verskoning van dat daar te min geld is nie. Dit is argitekte en ontwerpers se plig om ontwerpgetrou te bly.

Dit is juis daarom dat ek met 'n kritiese oog kyk na invul argitektuur in Stellenbosch.

Stellenbosch – ‘n Historiese Verwarring

Stellenbosch, alom bekend as die oudste dorp in Suid-Afrika, is nogsteed besig om te verander, soos maar altyd die geval was. Die ironie is egter, wanneer is verandering ten goede en wanneer nie. Na die voorreg om die Breuers, van die Bruynzeel huis te ontmoed het, het ek weereens bewus geword van middedorpveranderings wat argitektoniese definitief nie te goed was en is nie. Ek wil graag met hierdie huis as verwysingskonsep, krities kyk na ‘n gedeelte van Stellenboschse middedorp.

Om die hele net die verwys na die verlies van geboue wat nooit gesloop moes gewees het nie, help niks vooruitgaan nie. Omdat geen lewende dorp en omgewing staties is nie, is dit belangrik om te kyk na invul argitektuur. Daar is wêreld wyd uitstekende voorbeeldde hiervan, en soms betwyfel ek die lokale gemeenskap, amptenare, argitekte en ontwikkelaars se onvermoë en onkundigheid hieromtrent.

Soos genoem is die verlies van geboue onomkeerbaar. Die historiese argitektuur van Stellenbosch is eenvoudig en fyn tov ontwerp en uitvoering. Daarom is dit so belangrik dat invul argitektuur, binne ‘n tydsgebonde ontwerp styl gedoen moet word en nie net ad hock, uit gefragmenteer details ontwerp of liewer aanmekaar gesit moet word nie. Die beste manier om erkenning en aandag te gee, is om met ‘n sisteem van ander waardes te werk. Ek dink nie dat, mooi of lelik die hoof oorweging moet wees nie, maar liewer, wie buig voor wie. Oud voor nuut of Nuut voor oud. Die volgende is ‘n paar voorbeeldde, uit verskillende wêreld dele, wat ek dink erkenning aan die oue gee, dmv kontras. Daar is niks verkeer met verandering nie, solank dit net nie verwoes en elke keer ‘n oorbegin tot gevolg het nie. Al hierdie voorbeeldde neem die bestaande in ag en komplimenteer dit op verskillende maniere.



Die Bruynzeel-huis is nou wel nie in die middedorp nie, maar daar is beginsels wat werk. Dit is binne ‘n sekere styl ontwerp en is nie aanmekaar gesitte argitektuur nie. Hierdie aanmekaar gesitte argitektuur wat in Stellenbosch voorkom, is juis my punt van historiese verwarring. Dit gaan nie noodwendig weereens om mooi of lelik nie, maar dalk eerder hoekom.

Ek gaan met ‘n paar foto’s, die meeste in Kerkstraat, probeer om hierdie beginsel te verduidelik. Daar is baie ander voorbeeldde.



Wilhelm Krüger
B.Arch (UP), PrArch 2002, RIBA 20000604

argitektuur interieur

tel (021) 887 1980 cell 073 77 33 460 email wilmaukruger@gmail.com PO Box 3065 Matieland 7602 South Africa

Die eerste is die hoek van Kerk- en Ryneveldstraat. Hier was historiese geboue, wat ongelukkige gesloop is en ons kyk nou na wat ingeval is. Hierdie twee geboue is ook eerlik ontwerp tov die tydperk en is gedetailleerd daarvolgens. Wanneer mens in die middel van die straat staan sien mens die dorp se verandering en staan die oue nogsteeds in 'n sterk kontras en is herkenbaar.



B.Arch (UP), PrArch 2002, RIBA 20000604

Wilhelm Krüger

architektuur interieur

tel (021) 887 1980 cell 073 77 33 460 email wilmaukruger@gmail.com PO Box 3065 Matieland 7602 South Africa



Wanneer mens nou bietjie verder af in Kerkstraat beweeg, gebeur die volgende.

Dit is die D' Oue Werf hotel en die aanbouing daarvan. Weereens verteenwoordig dit verskeie tydperke en die sukses van die aanbouing hier, is dat dit met erkenning staan tov die oorspronklik ou gebou. Dit gebeur met 'n eerlike ontwerp wat nie in nabootsing is van die oorspronklike nie maar die skaal en grootte respekteer en gee die gevoel, dat dit effens terugstaan. Hierdie is vir my 'n belangrike punt, – ek's bereid om terug te staan-.





B.Arch (UP), P.R.Arch 2002, RIBA 20000604

Wilhelm Krüger

argitektuur interieur

tel (021) 887 1980 cell 073 77 33 460 email wilmaukruger@gmail.com PO Box 3065 Matieland 7602 South Africa

Nou beweeg ons nog 'n bietjie verder ondertoe in Kerkstraat.




Hierdie gebou is aan die anderkant van D' Ouwe Werf en die teenoorgestelde gebeur hier. Hulle druk hulle voor die ou historiese in en gee ook as gevolg van die detailleering 'n verwarringende gevoel van, was dit oud, is dit gerestoreer of nie. Hierdie is die punt van verwarring, waarmee die historiese karakter van Stellenbosch heeltemal verwoes word. Soos reeds gesê , gaan dit nie oor mooi of lelik nie, maar is hier net 'n ongevraagde selfvoldaanheid. Die gebou op die hoek se symuur, met die houtraamvenster en details verhoog die verwarring omdat dit dalk 'n ou muur kon gewees het. Die plaaslike owerheid is skuldig deurdat daar nie in totaliteit na invul argitektuur gekyk word en sinvolle riglyne daarvoor deurgegee word nie. Dit verg konstante opjektiwiteit om hierna te kyk en nie vasgevang te word tot 'n tipe pastice-argitektuur van krueljetjes en skuifframe nie.

Wanneer mens omdraai en skuins na die anderhoek kyk, is daar weer 'n latere gebou. Dit is sinvol ontwerp deurdat dit eerlik is tov sy tyd en ook met die ronding die straathoek terugstaande komplimenteer. Skuins oorkant hierdie gebou is twee ou geboue weereens nie in dieselfde tyd gebou nie , maar let op dat elkeen sy eie aanbied sonder oordondering.



Die volgende is voorbeeld uit Dorpstraat. Hier het ons weereens voorbeeld van verskillende tydperke en die interaksie daarvan. Skaal en posisionering van nuwe geboue is ook 'n belangrike punt. Die hantering van die nuwe geboue hier, erken ook die ou gebou op die hoek. Daneel Diamonds het in skaal en detailleering eenvoudig gebly en met die afgeskuinsde ingang ook weereens die straathoek erken. Oorkant die pad het die gebou teruggestap en ook binne 'n argitektoniese styl gebly. Met hierdie twee geboue is die ou historiese gedeelte weereens die belangrikste en duidelik herkenbaar.



B.Arch (UP), PrArch 2002, RIBA 20000604

Wilhelm Krüger

argitektuur interieur

tel (021) 887 1980 cell 073 77 33 460 email wilmakruger@gmail.com PO Box 3065 Matieland 7602 South Africa



Twee ander interessante voorbeeld in kontemporêre argitektuur is darem 'n bevestiging dat daar 'n begin gemaak is, om invulargitektuur sinvoller te benader. Die eerste is in Die Laan. Dit is baie suksesvol omdat die skaal, vorm en detaillering geensins verwarrend is nie en die kontras tov die oue versterk. Dit is slegs 'n eenvoudig vorm sonder valse detail. Die ou huis se gewel is nog steeds die belangrikste.



Die ander is van 'n losstaande gebou waarin die argitek geslaag het om onopsigtelik te ontwerp en nogtans binne 'n styl te bly. Dit is Stias, langs die Jan Marais park.



B.Arch (UP), P.R.Arch 2002, RIBA 20000604

Wilhelm Krüger

argitektuur interieur


tel (021) 887 1980 cell 073 77 33 460 email wilmaukruger@gmail.com PO Box 3065 Matieland 7602 South Africa

Ek wil afsluit deur terug te gaan na die Bruynzeel/Breuer-huis waarmee ek die punt van goeie invul argitektuur wil onderstreep. Alhoewel die huis nie regtig in die konteks van dorpsinvulargitektuur gesien kan word nie, onderstreep dit die waarde van eerlik argitektuur. Dit oorleef nieteenstaande die aanvanklike hewige kritiek.

Invulargitektuur is moeilik en verg baie meer as net reëls en regulasies. Almal sal moet leer om historiese geskiedkundigheid met baie meer eerbied en sensitiwiteit te benader. Soos ek baie voorbeeldige oorsee gesien het, neem dit glad nie die oorspronklikheid en individualiteit weg nie, maar vra net eerlike talent volle argitektuur.

'n Paar internasionale voorbeelde hiervan wat goeie invulargitektuur onderstreep, is oa die Pompidou sentrum en die ingang na die Louvre gallery in Parys. Die van julle wat dit nog nie gesien het nie, beveel ek reis aan soontoe.

Totsiens met die volgende aanhaling wat dalk 'n goeie vertrek punt is vir argitekte



Wilhelm Krüger
B.Arch (UP), PrArch 2002, RIBA 20000604

architektuur interieur

tel (021) 887 1980 cell 073 77 33 460 email wilmaukruger@gmail.com PO Box 3065 Matieland 7602 South Africa



Architecture in general is frozen music
Friedrich van Schelling

Bronnelys

Stellenbosch, Drie Eeue – Oktober 1979
An Introduction to Modern Architecture – J.M.Richards
The Elements of Style – Stephen Calloway
Existence, Space & Architecture – Christian Norberg-Schulz
Encyclopaedia of Modern Architecture – Gert Hatje
The Sources of Modern Architecture and Design – Nikolaus Pevsner
A History of Architecture on the Comparative Method – Banister Fletcher
Architecture You and Me – S Giedion
An outline of European Architecture – Nikolaus Pevsner
World Architecture – Paul Hamlyn



Wilhelm Krüger B.ARCH (UP)